

Publication: Beeld,Saturday (Sport)
Publication Date: 13 Jan 2018
Page: 39

AVE: 18876.00
Circulation: 38918
Part: 1 of 1

# SA o.19's wil soos Amla-hulle in 2002 maak

**Johann de Jager**

Die Suid-Afrikaanse o.19-krieketspan se voorbereiding vir die o.19-Wêreldbekertoernooi wat die naweek in Nieu-Seeland begin, kan allermins as bevredigend beskou word.

Dié span het nie een van sy oefenwedstryde teen Tukkies en Indië in die nuwe jaar gewen nie, waarna sy laaste slypstryd teen Australië gekelder is deur reën wat na drie dae intussen nog nie gewyk het nie.

Nieu-Seeland is met die 12de weergawe van dié toernooi die derde keer die gasheerland. Suid-Afrika het in 2002 en 2010 daar goeie rekenskap van homself gegee.

Hashim Amla, Stephen Cook en Ryan McLaren was trouens in 2002 in die elftal wat in die eindstryd teen Australië gespeel het.

Die groep van 2010, wat nog geen nasionale senior opgelewer het nie, was hul groepwenner, maar moes met die vyfde plek daar tevrede wees.

Suid-Afrika het in 2014 in die Verenigde Arabiese Emirate uiteindelik die o.19-toernooi gewen.

Huidige Proteas soos Aiden Markram, Kagiso Rabada en Andile Phehlukwayo was in dié groep. Phehlukwayo was net 17 en was nie in die eindstryd teen Pakistan betrokke nie.

Die destydse nasionale o.19-afrigter Ray Jennings is kort daarna, in weerwil van die feit dat sy span die eerste en steeds enigste Suid-Afrikaanse span was om 'n Wêreldbeker te lig, deur Lawrence Mahatlane vervang. Mahatlane se eerste o.19-toernooi in 2016 in Bangladesj was 'n nagmerrie.



**Kan Raynard van Tonder, kaptein van Suid-Afrika, met dié beker terugkeer?** Foto: GETTY IMAGES

Suid-Afrika het sy eerste groepwedstryd teen die gasheer verloor en is toe in sy tweede wedstryd verras deur Namibië, wat meegebring het dat Bangladesj en Namibië eerste en tweede in die groep geëindig het om vir die kwarteindstryd te kwalifiseer.

Die 2014-kampioenspan is verneder en moes toe met die algehele 11de plek tevrede wees.

Suid-Afrika het verlede jaar al met sy opmars na die toernooi in Nieu-Seeland begin.

Hy het in Julie in Durban en Pietermaritzburg belofte getoon in die eendagreeks teen die Wes-Indiese Eilande, wat die Windies met 3-2 beklink het nadat hulle die beslissende wedstryd naelskraap met twee lopies gewen het.

Die aanvangskolwers Matthew Breetzke en Jiveshan Pillay, asook die kaptein, Raynard van Tonder, het honderdtalle in die reeks aangeteken.

Die span het in die driehoekige reeks teen Engeland en Namibië in Desember in Potchefstroom twee keer teen Engeland verloor, maar die Engelse in die eindstryd getroef.

Indië het gewys waarom hy Engeland verlede jaar met 5-0 geklop het toe hy Suid-Afrika Dinsdag in 'n oefenwedstryd met 189 lopies in 'n losmaker afgeslag het.

Suid-Afrika se tweede opwarmstryd Donderdag teen Australië het uitgereën. Daar hang intussen nog 'n vraagteken oor Van Tonder se deelname aan môre se eerste wedstryd teen Kenia in Christchurch nadat hy sy pinkie Maandag in 'n oefening beseer het.

■ **Suid-Afrika (uit)**: Raynard van Tonder (k), Matthew Breetzke, Jean du Plessis, Jason Niemand, Gerald Coetzee, Jade de Klerk, Fraser Jones, Wandile Makwetu, Andile Mogakane, Kgaudise Molefe, Thando Ntini, Jiveshan Pillay, Hermann Rolfes, Kenan Smith, Akhona Mnyaka.

■ **Begintyd:** Vanaand van 23:30 af op icc-cricket.com.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.